SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
## NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- **Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.**
- **Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.**
- **By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE / WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.**
- **Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.**
- **Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.**
- **Aanvaar dialektiese variasies.**
- **Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.**

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

### JONG ATLEET WAT MOEË MEDEDINGER HELP, GRYP HARTE AAN

[*Volksblad*, 12 Sep 2017, Ruan Bruwer]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | Mpho (Mitchell) | (1) |
| 1.2 | "moegheid en dehidrasie"<br>(word aanvaar sonder die aanhalingstekens) | (1) |
| 1.3 | Die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe | (1) |
| 1.4 | Dit is 'n wit seun wat 'n swart seun gehelp het. | (1) |
| 1.5 | Potchefstroom | (1) |
| 1.6 | Onder | (1) |
| 1.7 | Dehidrasie/ontwatering | (1) |
| 1.8 | Ronen het self nie 'n goeie wedloop gehad nie en was ook fisies moeg. | (1) |
| 1.9 | Hy het aan 'n kampioenskapkompetisie deelgeneem.<br>Hy het gedink om te wen/goed te eindig.<br>Hy het nie die seun geken nie.<br>Die seun was nie in sy span nie.<br>Hy het nie besef die seun het hulp nodig gehad/was in die moeilikheid nie.<br>Hy het later besef toe hy verby gehardloop het, die seun was in die moeilikheid. | (2) |
| 1.10 | "sportmangees"<br>(word aanvaar sonder die aanhalingstekens) | (1) |
| 1.11 | B – hy het 'n goeie hart. | (1) |
| 1.12 | Hy was 'n goeie atleet.<br>As hy nie gehelp het nie, kon hy 'n medalje (in die landloopkampioen-skappe) gekry het. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.13 | Hy het 1 800 FaceBook-kommentare gekry.<br>Die FaceBook-inskrywing is 8 900 keer gedeel.<br>Daar het ŉ artikel in ŉ koerant verskyn.<br>Asics SA wil hulle met iets verras. | | (1) |
| 1.14 | 2018 | | (1) |
| 1.15 | Baie warm (hitte)/moeilike baan | | (2) |
| 1.16 | Hy is deur paramedici behandel/het ineengesak. | | (1) |
| 1.17 | André Gobey | | (1) |
| 1.18 | Allan Smith/die nasionale verkoopsbestuurder van Asics Suid-Afrika | | (1) |
| 1.19 | Om onder die eerste drie (posisies) te eindig. | | (1) |
| 1.20 | 1.20.1 | Koerantberig | (1) |
| | 1.20.2 | Provinsiale atlete | (1) |
| 1.21 | Jou medemenslikheid/sportmanskap is belangriker as wen.<br>Gee om vir die mense wat swaarkry.<br>Mense moet mekaar help in tye van nood.<br>Dit gaan nie oor wen nie, dit gaan oor sport. | | (1) |
| | | | |
| **TEKS B** | | | |
| | | | |
| 1.22 | 1979 | | (1) |
| 1.23 | Die minste leerders gebruik Uber/net 3% van die leerders maak gebruik van Uber/van al die tipe vervoer is Uber die minste gebruik. | | (1) |
| 1.24 | Uber | | (1) |
| 1.25 | Motorfiets/poegie | | (1) |
| 1.26 | (Stap of) fietsry | | (1) |
| 1.27 | Dit is te gevaarlik.<br>Ouers is besorg oor hul kinders se veiligheid.<br>Die afstande is verder skool toe/na beter skole.<br>Leerders raak lui.<br>Daar is meer publieke vervoermiddels.<br>Meer mense/ouers besit motors. | | (1) |
| | | | |
| | | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Wenke moet met 'n **werkwoord** begin of met **mens moet ...**
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

6–7 aanhalings – geen punte vir taal
1–5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL:**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**TEKS C: HOE BEHAAL ’N MENS SUKSES?**

**LET WEL:** Kandidate moet sewe wenke gee oor hoe **’n mens sukses behaal.**

| HOE BEHAAL ’N MENS SUKSES? | |
|---|---|
| Mnr. Alex Pestana, ’n sakeman, het met leerders gepraat oor hoe om sukses te behaal. Daar is geen formule om vinnig ryk te word nie, net harde werk. Maar hoe behaal ’n mens sukses? | |
| Is jy bang om vrae te vra? Jy sal dalk verbaas wees oor hoeveel mense bereid is om jou te help. Vra net – dis mahala! | Vra vrae. |
| Moet nooit dink jy weet alles nie – daar is altyd iets nuuts om te ontdek. Enigiemand kan vir jou 'n leermeester wees. | Moet nooit ophou leer nie./Leer van ander mense./Probeer iets nuuts te ontdek. |
| As jy nog jonk is, is **dit ’n goeie idee om ’n mentor te hê** en om uit hul ervaring lesse te kan leer. Om self al die moeilike lesse te leer, is duur; **kry nuwe idees uit ander se ervarings.** | Kry nuwe idees./Kry ’n mentor. |
| Werk is nie kinderspeletjies nie. Harde werk is al wat jou bo jou mededingers sal laat uitstyg. Daar is geen plaasvervanger daarvoor nie! | Jy sal hard moet werk. |
| **Praat met mense oor hulle goeie werk**. Mense geniet dit om saam te werk as hul harde werk raakgesien word. | Kommunikeer/praat/gesels met mense./Komplimenteer ander mense. |
| Om suksesvol te wees, moet jy met mense assosieer wat jy kan vertrou. Sukses gaan nie bloot oor geld nie, dit gaan oor verhoudings. | Bou goeie verhoudings met mense op./Assosieer met mense wat jy vertrou. |
| Die lewe is vol teleurstellings. As jy sukses wil behaal, soek ’n manier om iets uit die teleurstellings te leer en dit in sukses te verander. **Moet nooit tou opgooi nie**, selfs al is dit moeilik. | Moenie tou opgooi nie./Leer uit jou teleurstellings. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**NASIENRIGLYNE**

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien**.

- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir* ..., geld hierdie toegewing nie.

- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word**.
  - Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
  - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.

- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie en die gebruik van klein- en hoofletters ook korrek wees om 'n punt te verdien.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.

- LET WEL: Waar taalstrukture getoets word, word spelling gepenaliseer.

- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Die boekwinkel se naam is Panda Boeke. | (1) |
| 3.2 | (G)grootste | (1) |
| 3.3 | Afrikaanse | (1) |
| 3.4 | (K)kinderboeke | (1) |
| 3.5 | die boekklub baie populêr is. | (1) |
| 3.6 | Dit word boaan/in die middel van die advertensie geplaas/geskryf./ Dit is groot letters/hoofletters/met die prent van die Pandabeer/die font. | (1) |
| 3.7 | Ouers van jong kinders/jong kinders/Laerskoolkinders | (1) |
| 3.8 | Dit is ŉ aanlyn boekwinkel. | (1) |
| 3.9 | boek**ies** | (1) |
| 3.10 | B – Afrikaans bevorder | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Sy het ŉ strykyster in haar hand. | (1) |
| 4.2 | (V)voorskoot | (1) |
| 4.3 | Sy/Helga het nog nie klaar gepraat nie./Doen baie werk/Het nog baie werk om te doen. | (1) |
| 4.4 | Haar oë/haar mond/haar gesigsuitdrukking/haar arms is oop/daar is lyne bokant haar kop. | (1) |
| 4.5 | Sy beklemtoon die woorde./Sy sê die woorde hard./Sy is kwaad. | (1) |
| 4.6 | (S) sê | (1) |
| 4.7 | (O) ongeduldig | (1) |
| 4.8 | Ek is | (1) |
| 4.9 | Hy sit heeldag op sy stoel (terwyl sy al die werk doen/en help haar nie)./Sit met hande gevou./Sy sê: "... jy sit net hier."/Die woorde "sit net hier" is vetgedruk. | (1) |
| 4.10 | (D) die | (1) |
| | | **[10]** |

| **VRAAG 5: PROSA** | | |
|---|---|---|
| | | |
| **TEKS F: ERROL PIETERSE (CHRISTO DAVIDS) VAN 7DE LAAN SE 10 DROME** | | |
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.1 | Hy wil in ŉ groot musiekblyspel op Broadway speel **omdat** hy nie kan sing nie.<br><br>**OF**<br><br>**Omdat** hy nie kan sing nie, wil hy in ŉ groot musiekblyspel op Broadway speel. | (1) |
| 5.2 | Hy wou graag Othello in ŉ teater in die Londense Weseinde vertolk (het). | (1) |
| 5.3 | **Eendag wil** hy self in Italië sien waar die mafia ontstaan het. | (1) |
| 5.4 | Hy wil nie ŉ regisseur van ŉ groot fliek wees nie. | (1) |
| 5.5 | **Moet dit** op die Kaapse vlakte afspeel waar hy grootgeword het**?** | (1) |
| 5.6 | Hy wil ŉ huis hê**,** want een of ander tyd moet hy seker *settle.* | (1) |
| 5.7 | Kapenaar | (1) |
| 5.8 | (Jy wil iemand in jou lewe hê) **om saam met jou oud te word.** | (1) |
| 5.9 | Familie/mi | (1) |
| 5.10 | (S) sy | (1) |
| 5.11 | Die produksie-maatskappy word deur Errol begin/Errol se produksie-maatskappy word deur hom begin. | (1) |
| 5.12 | SA | (1) |
| 5.13 | (O) onvertelde | (1) |
| 5.14 | (I) in | (1) |
| | | |
| **TEKS G: PRENT** | | |
| | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
| 5.15 | (O) oukei | (1) |
| 5.16 | Ek is moeg, **maar** ek sal steeds gaan oefen./Daar is ŉ **maar** by my aanbod./Geen **maar** nie. | (1) |
| 5.17 1 | (V) vlag(gie) | (1) |
| 5.17.2 | (G) grafie/graaf. | (1) |
| 5.18 | (S) spekvet | (1) |
| 5.19 | Die bal vra of hy vet in hierdie/daardie kleure lyk. | (1) |
| | | **[20]** |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou